***Nikodémus en die ryk van Elohim op aarde.***
***Johannes 3: 13-15***

*13 En niemand het opgevaar in die Hemele nie, behalwe Hy wat uit die Hemele neergedaal het, naamlik die Seun van die Adam wat in die Hemele is.*

*14 En soos Moses die slang/Nagash in die wildernis verhoog het, so moet die Seun van die Adam verhoog word, 15 sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die Ewige Lewe kan hê.*

**20** **Die Meester**: "Waarlik, niemand het opgevaar na die hemele behalwe die Een wat van die hemele neergedaal het, naamlik die Seun van die Adam wat in die hemele woon. En soos Moses in die wildernis die slang verhoog het, so moet ook die Seun van die Adam verhoog word, sodat almal wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die Ewige Lewe mag hê. Sê vir My, verstaan jy dit?"

[2] **Nikodémus** sê: "Geliefde Meester, hoe kan ek dit verstaan? U besit `n vreemde tipe Wysheid. Soos ek voorheen vermeld het, dit sal makliker vir my wees om die antieke Egiptiese hierogliewe te lees, as om U Wysheid te verstaan. Ek moet erken, as dit nie was dat ek nie betower was deur U magtige dade nie, sou ek U as `n dwaas beskou het of as iemand wat daarvan hou om streke uit te haal, want geen verstandige man het ooit soos U gepraat nie. Maar U dade wys dat U as `n Leermeester van Elohim na ons toe gekom het, en U moet `n oorvloed van goddelike Krag en Wysheid besit, waarsonder niemand in staat is om sulke dade te verrig nie.

[3] En waar die "een" suiwer goddelik is, moet ook die "twee" van Elohim wees. U dade, geliefde Meester, is goddelik en so moet ook U lering aangaande die koninkryk van Elohim op aarde wees, of ek dit nou kan verstaan of nie. As ek dan nou vanuit `n wêreldse oogpunt af kyk na die stelling, 'Niemand het opgevaar na die hemele behalwe die Een wat van die hemele neergedaal het, naamlik die Seun van die Adam wat in die hemele woon', is ek dronkgeslaan. Geliefde Meester, na Henog en EliJaH was geen mens op aarde so bevoorreg om sigbaar op te vaar na die hemele nie. U mag die derde een word. En as U dalk die derde een word, sal dit enige nut vir die ander mense hê, want omdat hulle nie vanuit die hemele neergedaal het nie, nooit die hemele sal kan bereik nie.

[8] Sien, geliefde Meester, dit klink werklik uiters vreemd vanuit die mond van `n Man wat deur Sy dade bewys dat Hy vervul is met goddelike Krag en Mag. Soos ek egter reeds gesê het, ek sal nie dat al hierdie dinge my verwar nie en sal U nog steeds beskou as `n groot profeet deur Elohim gestuur.

[9] U sal hieruit sien dat ek nie een van daardie is wat onmiddellik lering verwerp wat hy nie kan verstaan nie. Daarom versoek ek U om my `n klein bietjie meer te verduidelik, want soos sake nou daar uitsien, kan ek U gladnie verstaan nie. Kyk, ek word hoog aangeskryf in die land van JudaH, veral in die groot stad van Salem, waar ek die hoof van die Judeërs is. As ek U en U lering bekendstel sal dit aanvaar en bekendgestel word, maar as ek dit verwerp, sal dit waarlik verwerp word en geensins aanvaar word nie. Daarom, wees so gaaf en werp meer lig op die onderwerp."

[10] **Ek** sê: "Dit was `n langdradige redevoering, en jy het gepraat soos `n man wat niks weet van die hemelse dinge nie. Maar dit kan ook nie anders nie, **want jy is in die nag van die wêreld** en is nie in staat om te sien dat die Lig vanaf die hemele gekom het om die duisternis van die wêreldse nag te verlig nie. Jy besit wel `n effense glimmer, **maar herken nie wat feitlik reg onder jou neus is nie."**

***Die Meester gee vir Nikodémus nadere insig oor sy menswording. Wie nie in die Meester glo nie, is alreeds geoordeel. [Joh 3: 16-21]***

*16 Want so lief het Elohim die wêreld gehad dat HY SY eniggebore Seun gegee het,* ***sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie****, maar die Ewige Lewe kan hê.*

**21** **Ek** sê: "Ek sê vir jou: Elohim is Liefde en die Seun is Sy Wysheid. En so lief het Elohim die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun, dit is Sy ewige uitgaande Wysheid in hierdie wêreld gegee het sodat almal wat in Hom mag glo, nie verlore mag gaan nie, maar die Ewige Lewe sal ontvang. – Sê vir My, verstaan jy dit ook nie?"

[2] Sê **Nikodémus**: "Ek kry die gevoel dat ek dit verstaan, maar dan verstaan ek dit werklik nie. As ek net kon weet waar die Seun van die Adam inpas, dan sal ek verstaan. U het ook gepraat van Elohim se eniggebore Seun, wat deur die Liefde vir die wêreld gegee is. Is die 'Seun van Adam' en 'Elohim se eniggebore Seun' een en dieselfde persoon?"

[3] Ek sê: "Kyk hier, Ek het `n kop, `n lyf en hande en voete. Die kop, die lyf, die hande en voete is Vlees, en hierdie Vlees is die Seun van Adam, want wat vlees is, kom van die vlees, maar in die Seun van Adam wat Vlees is, woon Elohim se Wysheid en dit is Elohim se eniggebore Seun. Nie Elohim se eniggebore Seun, maar slegs die Seun van Adam sal, soos die brons Moses-slang in die wildernis, verhoog word en baie sal aanstoot neem daaroor. Daardie wat nie aanstoot sal neem en sal glo en vashou aan Sy Naam, **aan hulle sal Hy mag gee om kinders van Elohim genoem te word** en hulle lewe en koninkryk sal vir ewig wees.

17 Want Elohim het SY Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, **maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.**

[4] Jy moet nie die oordeel van die wêreld verwag nie, soos byvoorbeeld oorloë vloede of selfs vuur uit die hemele wat alle heidene sal verteer nie. Want waarlik, Elohim het nie Sy eniggebore Seun (goddelike Wysheid) in die wêreld gestuur (in die menslike vlees) om hierdie wêreld te oordeel (te vernietig) nie, maar om haar ten volle te red, dit is sodat ook die vlees nie mag verderwe nie, maar sal opstaan in die Ewige Lewe saam met die gees (Onder vlees moet in hierdie geval nie soseer die fisiese vlees beskou word nie, **maar eerder die vleeslike begeertes van die siel**). Ewenwel, om hierdie toestand te verkry, moet die materiële gesindheid van verhewenheid in die vlees vernietig word deur geloof, **naamlik geloof in die Seun van Adam** dat Hy in die wêreld gekom het,

gebore van ewigheid vanuit Elohim, sodat almal wat glo en vashou in Sy Naam, die Ewige Lewe sal hê.

*18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel* ***omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van Elohim nie.***

[5] Wie ookal, of hy `n Judeër of `n ongelowige is, en in Hom sal glo, sal nooit, ooit geoordeel word en tot niet gaan nie, maar die een wat aanstoot sal neem in die Seun van Adam en nie in Hom gaan glo nie, is alreeds geoordeel. Want die feit dat hy nie wil en nie kan glo nie omdat sy gevoel van verhewenheid veroorsaak dat hy aanstoot neem vir die Naam en natuur van die Seun van Adam, is alreeds so `n man se oordeel. Verstaan jy dit nou? Ek het dit nou baie duidelik aangebied."

[6] **Nikodémus** sê: "Ja, ja, ek verstaan so halfweg die betekenis van U hoogs mistieke woorde, maar dit wil voorkom of dit tevergeefs gespreek is solank die deur U hooggeagte Seun van Adam, waarin die volheid van die Wysheid van Elohim inwoon, nie daar is nie, en U is of onbekwaam of onwillig om besonderhede te verstrek oor die tyd en plek waar Hy sal verskyn.

[7] Daarom, ook U oordeel, wat U hoofsaaklik verbind met ongeloof, klink ietwat raaiselagtig. As die oordeel nie `n vloed of `n oorlog of pestilensie en nie `n verterende vuur is nie, maar slegs ongeloof, om die waarheid te sê, geliefde Meester, kan ek nog steeds nie die betekenis van U woorde begryp nie. Want wie ookal nie een of miskien twee begrippe van `n rede verstaan nie, verstaan werklik nie die hele rede nie. Wat beteken U "oordeel" dan? Watter nuwe betekenis dig U aan hierdie begrip toe?"

[8] **Ek** spreek: "My vriend, binnekort kan Ek ook vir jou sê: Ek vind dit moeilik om te verstaan waarom jy nie by magte is om die duidelike suiwer betekenis van My woorde te verstaan nie. Jy sê dat jy die begrip van "oordeel" nie verstaan nie en Ek het dit so mooi aan jou verduidelik.

*19 En dit is die oordeel: dat die Lig in die wêreld gekom het, en die mense het die Duisternis liewer gehad as die Lig;* ***want hulle werke was besoedel.***

[9] Waarlik, dit is die oordeel, nie dat die Lig van Elohim van die hemele af in die wêreld ingekom het nie, maar dat die mens, vrygelaat uit die duisternis en in dié Lig geplaas, nog by verre die duisternis verkies bo die Lig van Elohim, nou oorvloedig voor hul oë. Dat die mens dié Lig verwerp, word bewys deur hul werke wat deur en deur besoedel is.

[10] Waar vind jy `n volkome aanvanklike geloof met die regte gelowigheid? Waar het iemand `n ander lief, behalwe as hy een of ander selfsugtige motief het? Waar is die wat hul vroue liefgehad het ter wille van vrugbaarheid? Hulle het die jong hoere lief vir sensuele plesier, wellustigheid en hoerery want hy wat met die ander geslag in pure afgodery van wellustigheid en owerspel omgaan, pleeg ware hoerery, en dit is die euwel van alle euwels. – Waar is daar `n dief wat wat `n lamp neem en openlik steel?

*20 Want elkeen wat besoedel, haat die Lig en kom nie na die Lig nie dat sy werke nie bestraf mag word nie.*

[11] Waarlik, almal wat kwaadwillig is en daarvolgens optree, is diegene wie se werke besoedel is. Wie ookal sulke dade liefhet en beoefen, is `n vyand van die Lig, haat Hom en sal alles vermag om Hom te vermy sodat sy besoedelde werke, wat hy besef deur die Lig verbied en veroordeel word, nie in die Lig herken word vir die haatlikheid daarvan en hy gestraf word nie.

[12] En waarlik, daarin bestaan die eintlike oordeel, maar wat jy verstaan as oordeel, is nie oordeel nie, maar slegs `n straf wat volg na die oordeel.

[13] As jy dit geniet om in die nag rond te loop, **is dit reeds `n oordeel van jou siel, aangesien jy die nag verkies bo die dag**. Maar as jy dan teen iets stamp en jouself sleg seermaak of as jy in `n gat of `n diep sloot val, is so `n stamp of val nie die oordeel nie, maar slegs die gevolg van jou oordeel, omdat jy die nag liefhet en die dag haat.

*21* ***Maar hy wat die Waarheid gehoorsaam, kom na die Lig,*** *sodat sy werke openbaar kan word dat hulle in Elohim gedoen is.*

[14] As jy egter `n vriend van die Lig, die dag en die Waarheid van Elohim is, sal jy ook handel ooreenkomstig die goddelike Waarheid en sal sekerlik begeer dat jou werke in die Lig kom, en aan almal openbaar word, want jy weet dat jou werke, omdat hulle in die Lig van Waarheid uit Elohim gedoen is, goed en regverdig is en daarom waardering sowel as sigbare beloning verdien.

[15] Want daarom, wie `n vriend van die Lig is, sal nie in die nag wandel nie, maar in die dag, **en hy sal die Lig onmiddellik herken, want hy is van die Lig, en hierdie Lig word genoem – geloof van die hart.**

[16] Daarom, wie ookal glo in die Seun van Adam dat Hy 'n Lig is vanuit Elohim, het alreeds lewe in homself. Maar wie nie glo nie, het alreeds die oordeel in homself, en die oordeel is sy eie ongeloof.

[17] Ek dink dat jy My nou goed verstaan het."